12.
Salomo

Vooraf

Dawid was 'n goeie koning. Hy het vir 40 jaar lank oor Israel regeer en het baie oud geword. Hy het God getrou gedien. Ons het gesien dat Dawid ook soms verkeerde dinge gedoen het, maar omdat hy regtig jammer was daaroor, het God hom daarvoor vergewe. God kon selfs hierdie slegte dinge in sy groot plan gebruik. Kort voor sy dood het Dawid sy seun, Salomo, as die nuwe koning gesalf.

Vertel, vertel

Salomo, Dawid en Batseba se seun, was nou die nuwe koning van Israel. Hy moes nou oor die volk van Israel regeer. Dawid het vir hom goeie raad gegee: "Luister goed na hoe die Here wil hê jy moet lewe en wees daaraan gehoorsaam. Dan sal dit met jou baie goed gaan."

God wou graag vir Salomo help om 'n goeie koning te wees. Een nag het die Here in 'n droom aan Salomo verskyn en vir hom gevra: "Wat wil jy hê moet Ek vir jou gee?" Wat sou Salomo antwoord? Hy kon enigiets kies en die Here sou dit vir hom gee! *(Wag 'n oomblik.)*

Salomo het seker 'n oomblik nagedink. Moes hy dalk vir rykdom, mooi vrouens, goeie gesondheid of 'n lang lewe vra? Nee, hy het nie. "Here," het Salomo gesê, "dit is deur U goedheid dat ek koning geword het. Help my asseblief om gehoorsaam te wees en gee vir my die wysheid – maak my slim – om die regte besluite te neem en reg oor u volk te regeer."

Die Here was baie bly oor dit wat Salomo gevra het. Salomo het nie aan homself gedink nie, maar aan die volk van Israel oor wie hy moes regeer. "Omdat jy nie vir baie geld of 'n lang lewe gevra het, maar vir wysheid, sal Ek jou op 'n spesiale manier seën. Jy sal die slimste koning wees wat daar ooit was of sal wees, almal sal vir jou respek hê. Ook sal Ek jou baie ryk maak en vir jou 'n lang lewe gee."

So het dit ook gebeur. God het vir Salomo besonderse insig gegee, sodat mense van heinde en verre gekom het om by hom raad te vra. Elke keer was hulle verstom oor die goeie manier waarop Salomo raad gegee en probleme opgelos het. Salomo het ook 'n klomp spreuke oor wysheid opgeskryf. In dié boeke oor wysheid het hy mense geleer hoe om elke dag gelukkig te lewe, om mooi verhoudinge met ander te hê, om hard te werk en eerlik te wees. Mens moet mooi dink voor jy dalk iets dwaas sê of doen. Jy moet oppas vir slegte mense en verkeerde dinge. Jy moet leer by ouer, wyser mense... maar die belangrikste is: gehoorsaam die Here en dien Hom met jou hele hart. Dit is wysheid.

Salomo was ook 'n baie ryk man. Die nuus van sy rykdom het oral bekend geword. Die koningin van Skeba het spesiaal van 'n ver land gereis om na al sy skatte te kom kyk. Sy was verstom oor sy wysheid en raad en al sy pragtige besittings. "U God, die Here, het u op 'n spesiale manier geseën. Hy is seker baie lief vir u en vir die volk van Israel!" Sy kon na die besoek ook teruggaan en vir haar eie mense van God vertel. Tydens Salomo se regering het niemand gebrek gely nie en was daar oorgenoeg kos vir almal.

Salomo het ook vir God 'n pragtige tempel gebou. Uiteindelik, omtrent 500 jaar nadat die Israeliete uit Egipte getrek het, was daar 'n tempel vir die Here. Dit was 'n pragtige gebou, gemaak met die duurste stowwe soos goud en silwer. In die tempel kon alle mense, ook mense van ander volke, God op 'n spesiale manier aanbid en sy teenwoordigheid ervaar. Nadat die tempel voltooi is, het hulle die ark, die spesiale kis wat die Israeliete in die woestyn

gemaak het en wat hulle aan God se heiligheid en sorg herinner het, in die tempel gesit. Salomo het die hele volk bymekaar geroep en 'n pragtige gebed vir die volk van Israel gedoen. Hy het die Here geloof vir sy sorg en gebid dat God die tempel onder sy sorg sal neem en die volk sal help om gehoorsaam te wees. "Mag hierdie 'n huis van gebed vir alle mense wees", het hy gebid. Nadat hy gebid het, het hy sy hande opgesteek na die hemel toe en die volk geseën.

Mens sou dink dat Salomo se verhaal 'n baie gelukkige een sou wees. Hy het dan alles gehad wat sy hart begeer! Maar ongelukkig het sonde weer alles deurmekaar kom maak. Salomo het gekies om ook met vrouens van ander volke te trou – iets wat die Here verbied het. En toe het Salomo gekies om saam met hierdie vrouens hulle afgode te aanbid. Hy het nie die Here getrou aanbid soos wat sy pa Dawid gedoen het nie. En daarom het dit nie langer met die volk van Israel goed gegaan nie. Na Salomo se dood het die koninkryk van Israel in twee geskeur. Skielik was daar twee konings en almal het nie meer in vrede met mekaar saamgeleef nie. En dit alles net omdat Salomo en die Israeliete alweer van God en sy wette vergeet het.

Vertel weer

Laat die kinders die verhaal twee-twee vir mekaar terugvertel. Wat het hulle in hulle gedagtes gesien en hoe het hulle gevoel terwyl hulle na hierdie verhaal geluister het?

Kom ons dink saam

1. Watter droom het Salomo gehad?
2. Wat het hy van God gevra?
3. Hoe het God sy gebed beantwoord?
4. Waarvoor het Salomo bekend geword?
5. Wat het Salomo vir die Here gedoen?
6. Wat het Salomo verkeerd gedoen? Hoekom was dit verkeerd?
7. Wat beteken dit om die Here voluit te dien?
8. Onthou jy wat ons alles oor versoekings geleer het? Dink jy mens se keuses en besluite kan jou soms in versoeking lei?

Ontdek en leer:

- ✓ Gaan lees hierdie verhaal in 1 Konings 4 – 6, 8 en 11 – 12.
- ✓ Lees 2 Timoteus 2 vers 22(a). Dink na op watter manier jy begeertes kan vermy wat 'n jongmens in gevaar kan bring.
- ✓ Leer en onthou: *"In die goeie wedloop van die geloof moet jy al jou kragte inspan en die ewige lewe as prys behaal."* 1 Timoteus 6 vers 12.
- ✓ Bid elke dag: *"Help my asseblief Here, om in alles getrou te wees."*